NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS: VRAESTEL II

**BRONMATERIAALBOEKIE**
**VIR AFDELING B EN AFDELING C**

**BRON A** **Hier is 'n uittreksel uit 'n opsomming oor dr. Martin Luther King jr., verkry van 'n Amerikaanse geskiedeniswebwerf.**

As die onbetwiste* leier van die vreedsame Burgerregtebeweging in die 1960's was dr. Martin Luther King jr. terselfdertyd een van die mees geliefde en een van die mees gehate mans van sy tyd. Van sy betrokkenheid by die Montgomery-busboikot in 1955 tot sy voortydige dood in 1968, het King se boodskap van vreedsame verandering bygedra tot die beweging se groeiende getalle en het dit morele krag daaraan verleen. Die nalatenskap* van Martin Luther King jr. word beliggaam* in die twee eenvoudige woorde: gelykheid en vreedsaamheid. *Time*-tydskrif het hom in 1963 as 'Man van die Jaar' benoem. In 1964 het hy die Nobelvredesprys gewen en is beskryf as 'die eerste persoon in die Westerse wêreld wat gewys het dat 'n stryd sonder geweld gevoer kan word'.

[Aangepas uit: US History Pre-Columbian to the New Millennium.
Beskikbaar by: <http://www.ushistory.org/us/54f.asp 6 Januarie 2019>
Verkry 3 Januarie 2018]

*onbetwiste – onuitgedaagde
*nalatenskap – waardeur iemand onthou word
*beliggaam – gesimboliseer of uitgedruk

**BRON B** **Hier is 'n uittreksel uit 'n resensie (deur dr. Joe Street van die Universiteit van Sheffield, Brittanje) van die boek, *Martin Luther King jr.,* deur die outeur John Kirk; gepubliseer in 2005.**

Studies van King en die Burgerregtebeweging het drie ... fases deurgegaan. Die aanvanklike oplewing van die burgerregte-kundigheid het King as die leier van die beweging voorgestel, wat daarop dui dat die beweging geleer het uit King se leierskap van massaprotesoptredes oral in die Suide. Hierdie werke hou dikwels direk verband met die wetgewende suksesse van die middel 1960's.

'n Tweede oplewing van kundigheid ... het beweer dat plaaslike leiers in die Suide moontlik net so belangrik was vir die aftakeling van segregasie as King. ... King se leierskap het berus op 'n groot netwerk van plaaslike leiers, en in party gevalle verswak dit King se aanspraak op grootsheid.

... Ons is nou in 'n derde tydperk, waar studies meer fokus op interaktiwiteit, tussen die nasionale en plaaslike, politiek en kultuur en ... leiers en volgelinge. .... King se leierskap was grotendeels interaktief en uiters afhanklik van die werk van vriende, kollegas en 'n wye netwerk van ... aktiviste ... Die feit dat King die media betrek het, het beslis plaaslike pogings aangehelp om wit oppergesag uit te daag, maar sy vertrek het ook die vertrek van die media voorafgegaan wat plaaslike leiers met die taak gelaat het om die reaksie van wrewelrige* wit gemeenskappe en uitgeputte swart gemeenskappe te hanteer.

[Aangepas uit: Dr Joe Street, resensie van *Martin Luther King jr.*, (resensie no. 460)
Beskikbaar by: <https://www.history.ac.uk/reviews/review/460>
Verkry: 5 Januarie, 2019]

*wrewelrige – opstandige en ontevrede

IEB Copyright © 2019

**BRON C** **Hier is 'n uittreksel uit 'n artikel oor dr. Martin Luther King jr. wat in September 1987 in die *Journal of American History*, Stanford Universiteit (Verenigde State van Amerika), gepubliseer is.**

... Dit sou meer gepas wees om die Burgerregtebeweging geluk te wens met ... 'n simboliese leier soos King. Die feit dat hy meer prestige as mag het ... die intellektuele eenvoud van sy filosofie; ... sy vriendskap met die man in die Wit Huis – is alles noodsaaklik vir die rol wat hy speel, en van onskatbare* waarde vir die sukses van die beweging ...

Een aspek van die ... King-mite* is hoe hy in die massamedia voorgehou is, nie net as die ... leier van die Burgerregtebeweging nie, maar ook as die inisieerder* en enigste onontbeerlike* element in die suidelike [Afro-Amerikaanse] stryd van die 1950's en 1960's. ... die mite beklemtoon die individu ten koste van die [Afro-Amerikaanse] beweging; dit oordryf nie net King se historiese belang nie, maar verdraai ook sy werklike, aansienlike bydrae tot die beweging ...

... Geleerdes het onlangs begin om die swart stryd as 'n plaaslik gebaseerde massabeweging te bestudeer. ... King was beslis nie die enigste belangrike leier van die Burgerregtebeweging nie, want volgehoue protesbewegings het in baie suidelike gemeenskappe ontstaan waar King min of geen direkte betrokkenheid gehad het nie. ... Alhoewel King die stryd beïnvloed het wat in Mississippi, Alabama en Georgia gevoer is, is hierdie bewegings ook gelei deur ... plaaslike leiers wat af en toe King se welsprekendheid* gebruik het om ... betogers by massavergaderings tot aksie aan te spoor*, terwyl hulle geweier het om van sy teenwoordigheid afhanklik te wees.

[Aangepas uit: Martin Luther King, jr.: Charismatic Leadership in a Mass Struggle, C. Carson pp. 27–30.
From Journal of American History 74: 2 (September 1987): 448-54.
Beskikbaar by: <https://kinginstitute.stanford.edu/sites/default/files/martin_luther_king_jr_-_charismatic_leadership_in_a_mass_struggle.pdf> Verkry 2 Januarie 2019]

*onskatbare – uiters belangrike
*mite – legende, of storie wat dikwels onakkuraatheid bevat
*inisieerder – die persoon wat 'n proses begin
*onontbeerlike – baie belangrike, noodsaaklike
*welsprekendheid – besondere vermoë om toesprake te lewer
*aan te spoor – aan te moedig, te inspireer

IEB Copyright © 2019

**BRON D** **Hier is 'n uittreksel uit die *Student Nonviolent Coordinating Committee* (SNCC) se webwerf.**

Toe die sitbetogings op 1 Februarie 1960 uitgebreek* het, het [King] dadelik die belangrikheid daarvan besef en twee weke later tydens 'n vergadering in Durham, Noord-Carolina, gesê: 'Wat vars en nuut in ons stryd is, is die feit dat dit deur studente geïnisieer*, gevoed en volgehou* is. ... Eerw. King het gehoop dat die studente sou besluit om die studentevleuel van sy organisasie, SCLC *(Southern Christian Leadership Conference)*, te word. Die studente het besluit hulle sal nie. Alhoewel daar besluit is teen hierdie affiliasie*, het die SNCC en SCLC se paadjies egter gedurende die 1960's dikwels gekruis ... SNCC werkers het erken en die feit respekteer dat eerw. King geliefd was in die gemeenskappe waar hulle doenig was.

[Beskikbaar by: <https://snccdigital.org/people/martin-luther-king-jr/> Verkry 5 Januarie 2019]

*uitgebreek – skielik begin
*geïnisieer – begin
*volgehou – voortgegaan, aangehou
*affiliasie – verbintenis, inlywing by 'n groep

**BRON E** **Hier is 'n uittreksel uit 'n Amerikaanse geskiedenis webwerf.**

Die SNCC of *Student Nonviolent Coordinating Committee* ... het spoedig een van die meer radikale* takke van die beweging geword. In die nadraai van die Greensboro-sitbetoging by 'n kostoonbank ... het Ella Baker, op daardie stadium direkteur van die *Southern Christian Leadership Conference* (SCLC), die eerste vergadering help reël van wat die SNCC sou word. Sy was bekommerd dat SCLC, onder leiding van Martin Luther King jr., uit voeling was met jonger Afro-Amerikaners wat wou hê dat die beweging vinniger moes vorder. Baker het diegene wat SNCC gevorm het, aangemoedig om verder as integrasie te kyk na wyer maatskaplike verandering en om King se beginsel van vreedsaamheid meer as 'n politieke taktiek te beskou en nie as 'n lewenswyse nie. Die nuwe groep het 'n belangrike rol gespeel in die Vryheidsritte wat daarop gemik was om busse te desegregeer, en in die optogte wat deur Martin Luther King jr. en die SCLC georganiseer is ... die *Student Nonviolent Coordinating Committee* het ook baie van die ... kiesersregistrasieveldtogte in die Suide aangevoor. Drie van sy lede het tydens die Mississippi Vryheidsomer van 1964 aan die hand van die Ku Klux Klan gesterf. ... In 1966 is Stokely Carmichael tot hoof van SNCC verkies en hy het die term 'swart mag' gepopulariseer* om die nuwe taktieke en doelwitte te karakteriseer ...

[Aangepas uit: SNCC, History.com Editors, 12 November 2009.
Beskikbaar by: <https://www.history.com/topics/black-history/sncc>
Verkry 6 Januarie 2019]

*radikale – ekstreme
*gepopulariseer – gewild/populêr gemaak

IEB Copyright © 2019

**BRON F** **Hier is 'n uittreksel uit 'n onderhoud wat in 2018 gevoer is met John Lewis, voorsitter van die *Student Nonviolent Coordinating Committee* (SNCC) en een van die leiers wat die 1963 opmars na Washington georganiseer het.**

Ek het in Nashville betrokke geraak by die sitbetogings en later by die Vryheidsritte. Ons is tydens die Vryheidsritte in 1961 aangerand en bebloed en bewusteloos by die Greyhound-busstasie in Montgomery agtergelaat. King was daar, by dieselfde kerk waar ek hom die eerste keer ontmoet het ... ['n Groep wittes] het probeer om die kerk af te brand. King het 'n oproep na [prokureur-generaal] Robert Kennedy gemaak en hý het krygswet in die stad Montgomery afgekondig. Hy het my geïnspireer. Hy het my opgehef. Hy was 'n dapper en moedige persoon, en as jy na sy toesprake geluister het of wanneer hy met jou gepraat het, was jy gereed om uit te gaan en jou lewe op die spel te plaas, want hy het dit so eenvoudig en duidelik gemaak dat dít die regte ding was om te doen.

[Aangepas van: <https://www.theatlantic.com/magazine/archive/2018/02/john-lewis-martin-luther-king-jr/552581> Verkry 6 Januarie 2019]

**BRON G** **Hier is 'n uittreksel uit 'n artikel genaamd "Before he had his 'Dream', King wrote a letter" geskryf deur W. Ralph Eubanks, 'n Amerikaanse outeur, en wat in 2005 in die Washington Post gepubliseer is.**

... King se "I have a Dream"-toespraak is ... een van die groot redevoerings* van die 20ste eeu. ... Ons moet nooit King se droom vergeet nie; maar laat ons ook nie die nagmerries vergeet waarmee hy voor en na die toespraak geworstel het nie. En hy het dit vasgevang in die ... brief wat hy daardie April aan agt Alabama predikante* geskryf het, net vier maande voor sy beroemde toespraak by die *Lincoln Memorial*. "Ek is in Birmingham, want hier vind onreg plaas," het King geskryf. Nadat King tronkstraf opgelê is weens 'n klag van optrede sonder 'n permit, het hy die "Letter from a Birmingham Jail" geskryf. Dié brief het die aandag gevestig op die Birmingham-beweging en bygedra tot King se roem.

[Aangepas uit: Before He Had His 'Dream,' King Wrote a Letter, W. Ralph Eubanks, January 16, 2005; Bladsy B03. Beskikbaar by: <http://www.washingtonpost.com/wp-dyn/articles/A11302-2005Jan15.html> Verkry 11 Januarie 2019]

*redevoerings – toesprake
*predikante – geestelikes en priesters

**BRON H** **Hierdie foto van dr. Martin Luther King jr. is op 28 Augustus 1963 op die *National Mall* in Washington, tydens die opmars na Washington, geneem.**



[AFP/Getty Images, <https://news.stanford.edu/news/2011/august/i-have-a-dream-082511.html> Verkry 4 Januarie 2019]

IEB Copyright © 2019